Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MEI 2015

# Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

| | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 | 028 312 1894 |
| Gansbaai | 028 384 8300 | 028 384 0241 |
| Kleinmond | 028 271 8400 | 028 271 4100 |
| Stanford | 028 341 8500 | 028 341 0445 |

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

## KARWYDERSKRAAL WEER OPERASIONEEL

***Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie sny die "lint" ter amptelike ingebruikneming van die nuwe sel by Karwyderskraal onderwyl twee van die projekingenieurs, Johan Veldsman van Burger & Wallace en Wihan Visser van Jan Palm-konsultante (heel regs), 'n wakende ogie hou. Ook teenwoordig om in hierdie heuglike geleentheid te deel, was (van links na regs) Coenie Groenewald, munisipale bestuurder: Overstrand; Stan Wallace, munisipale bestuurder: Theewaterskloof; Leon Eksteen, provinsiale MIG-bestuurder; rdl. Philip Appelgrein; rdl. Dudley Coetzee; David Beretti, munisipale bestuurder: Overberg-distriksmunisipaliteit; Johan van Taak, bestuurder: vaste-afvalbestuur; Eddie Hanekom, direkteur: departement van omgewingsake; en rdl. Abraham Prins.***

Op 2 April 2015 het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie die nuwe sel by die Karwyderskraal-stortingsterrein amptelik geopen. In haar toespraak het sy spesifiek melding gemaak van die suksesvolle onderhandelinge tussen al die betrokke partye en die samewerking tussen munisipaliteite en die provinsie om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik, naamlik die heropening en benutting van dié stortingsterrein tot voordeel van alle belastingbetalers.

Een van die voordele verbonde aan die opening van die nuwe sel is dat meer as een munisipaliteit die stortingsterrein kan benut. Dit sal ook nie langer nodig wees om die westelike dorpe se vullis na Gansbaai te vervoer nie, wat 'n kleiner koolstofvoetspoor tot gevolg het en die Gansbaai-sel se verwagte leeftyd aansienlik sal verleng weens die verminderde volumes vullis wat na daardie stortingsterrein vervoer word.

Die projekkoste van R9,3 miljoen is deur Munisipaliteit Overstrand gefinansier sowel as 'n bydrae komende van die departement van plaaslike regering se toekenningsfonds vir munisipale infrastruktuur (MIG), waarvoor die munisipaliteit baie dankbaar is.

Burgemeester Botha-Guthrie het Burger & Wallace, alom beskou as een van die voorste kontrakteurs op hierdie terrein, bedank vir hul uitmuntende werk en daarop gewys dat nege tydelike werksgeleenthede in die loop van die kontraktydperk vir inwoners vanuit omliggende gemeenskappe geskep is.

Na raming sal ongeveer 155 000 ton vaste afval in die nuwe sel gestort kan word. Teen die huidige groeitempo sal dit dus ongeveer vyf jaar duur voordat 'n nuwe sel in bedryf gestel moet word.

## EKOSENTRUM BY STONY POINT AMPTELIK GEOPEN

Volgende op omvattende openbare deelname en etlike jare waarin ingewikkelde uitdagings die hoof gebied moes word wat verskeie wysigings aan die terreinplanne genoodsaak het, is die Ekosentrum by Stony Point nou uiteindelik slaggereed om die projek se voorgenome voordele aan bedreigde seevoëls, toeriste, die Bettysbaai-bootklub en die Mooiuitsig-gemeenskapstrust - houers van die kommersiële regte op die bestuur van die koffiewinkel en ekosentrum - te bied.

***Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie en die minister van toerisme, Derek Hanekom, kyk toe onderwyl 'n lid van Mooiuitsig se gemeenskaptrust, Magrietha de Bruin, die plaatjie ter herdenking van die amptelike inwyding van die Stony Point-ekosentrum onthul.***

By die amptelike bekendstelling op Vrydag 10 April 2015, het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie die projekbestuurders, Casidra, geloof vir die suksesvolle integrasie van die oorblywende ruïnes van die ou walvisstasie, die radarstasie uit die Tweede Wêreldoorlog en die munisipale werkswinkel en store in 'n toerisme-aantreklikheid en natuur-bewaringsarea.

Met behulp van befondsing komende van die uitgebreide openbarewerke-program, het die departement van toerisme die oprigting van 'n tematiese besoekerinligting-sentrum, 'n teekamer en erfenisterrein wat oor die geskiedenis van walvisjag handel by die Stony Point Ekosentrum gefasiliteer.

***Die pas geopende eko-sentrum by Stony Point is reeds 'n "moet sien" op toeriste se agenda***

In sy toespraak het die minister van toerisme, Derek Hanekom, belanghebbers aangemoedig om aan te hou om soortgelyke projekte na te streef wat werksgeleenthede skep en help om 'n lewendige, billike en volhoubare toerisme-ekonomie tot voordeel van die plaaslike gemeenskap te ontwikkel.

## KENNISGEWING: SOSIO-EKONOMIESE STUDIE

Munisipaliteit Overstrand het 'n behoefte geïdentifiseer om sy behuisingsaanvraag beter te verstaan om vir die voorsiening van behuisingsgeleenthede in die toekoms te beplan. Dit is besonder moeilik weens die gebrek aan betroubare behoeftegebaseerde inligting, die toename in agterplaasbewoners en die toename in die aantal huishoudings wat in hoëdigtheidsomstandighede woon.

Om in staat te wees om hierdie uitdaging die hoof te bied, moet die munisipaliteit die behuisingsaanvraag en -behoefte in ons area kwantifiseer, en dit kan slegs gedoen word deur 'n sosio-ekonomiese studie met die fokus op menslike nedersettings te onderneem. As deel van hierdie studie moet 'n opname in sekere areas gedoen word om betroubare inligting te bekom om die Raad met besluitneming te help.

Die volgende areas sal by die opname ingesluit word: Kleinmond, Hawston, Onrusrivier, Hermanus, Sandbaai, Zwelihle, Stanford en Gansbaai.

Die opnemers sal geselekteerde inwoners vanuit die bogenoemde areas wees. Advertensies sal in die plaaslike koerante geplaas word om potensiële kandidate in staat te stel om vir die opnemerposte aansoek te doen.

Vir die doeleindes van identifikasie sal die opnemers geel veiligheidsbaadjies dra met die woord "Aurecon" wat daarop gedruk is. Die opname sal vanaf 22 Junie 2015 tot 11 September 2015 onderneem word.

Die firma Aurecon sal die hele projek, insluitend die opname, bestuur. Die kontakpersoon by Aurecon is mnr Lindilizwe Mngxekeza. Hy is beskikbaar by die volgende telefoonnommers: **021 526 9435** of **082 888 8725**.

## DEELNEMENDE PACA-PROSES IN HAWSTON BESLIS "VRUGTEVOL"

Overstrand se departement plaaslike ekonomiese ontwikkeling (PEO) het in die loop van Maart 'n deelnemende proses ter evaluering van die mededingingsvoorsprong (PACA-proses) by die Thusong-sentrum in Hawston gefasiliteer.

Die oogmerk met hierdie proses, wat 'n deelnemende beplanningsmetodologie volg, is om in vennootskap met die gemeenskap Hawston se mededingingsvoorsprong te bepaal met die oog daarop om projekte van strategiese ekonomiese belang te identifiseer wat binne die gebied geïmplementeer kan word.

Ter aanvang is 'n werksessie op 10 Maart gehou om die proses aan die gemeenskap te verduidelik. 'n Reeks werksessies en onderhoude met die jeug, maatskaplike sektor en klein sake-ondernemings in die area het hierna gevolg.

Solomzi Madikane, direkteur: plaaslike ekonomiese ontwikkeling en toerisme, verduidelik dat die proses uniek is in die sin dat die gemeenskap eienaarskap daarvoor aanvaar.

Kampvegters vir die geselekteerde projekte word onder plaaslike gemeenskapslede geïdentifiseer, en daar word van hulle verwag om op 'n gereelde basis te vergader om terugvoer te gee oor die uitkoms van die individuele projekte. Deur as fasiliteerders, koördineerders en bemagtigers op te tree, sal die plaaslike ekonomiese ontwikkelingspan die proses ondersteun deur koppelings met beskikbare hulpbronne en beleggingsgeleenthede te verskaf wat projekimplementering verder in die hand sal werk.

Om vertroue binne die gemeenskap te help bou en implementering te waarborg, is geïdentifiseerde projekte beide van 'n kort- en 'n langtermyn-aard met die volgende wat geïdentifiseer is as projekte "waar die vrugte laag hang" - met ander woorde daardie wat na verwagting binne die afsienbare toekoms resultate sal oplewer:

1: Nywerheids Korf
2: Vaardigheidsentrum
3: Akwa-kultuur
4: 24-uur-, 1-stop-motorhawe
5: Vlooimark
6: Opgegradeerde kampeerterrein
7: Ouetehuis
8: Paddavlei-opgradering
9: Jeugontwikkeling

"Om in plaaslike gemeenskappe te belê, dra by tot volhoubare ontwikkeling en groei tot voordeel van die mense," sê Madikane. "Ons afdeling het ten doel om gemeenskappe te help om hulle potensiaal te ontwikkel deur van plaaslike hulpbronne gebruik te maak, en dit is ons voorneme om binnekort 'n befondsingsimposium aan te bied met die oog daarop om beleggers se aptyt vir die beplande projekte te toets."

## KOM GENIET ASEMBENEWENDE YAMAHA-VIRTUOOS

O·A·K

Op Sondag 17 Mei gaan die verhoog in die Hermanus-ouditorium aan alombekende konsertpianis **Awadagin Pratt**, beoordelaar by die laaste UNISA Internasionale Klavierkompetisie behoort wat beloof om die gehoor te bekoor met sy meelewende en intense verkenning van werke deur Schubert, Liszt, Scarlatti, Couperin, Kodaly, Tchaikovsky, Chopin en Hersch.

Awadagin Pratt

Tans 'n professor in klavier aan die Universiteit van Cincinnati, bevind Pratt hom ook in die geëerde posisie om as hierdie instelling se 'Artist in Residence' geag te word.

**Die uitvoering begin om 15h30 en kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Skakel BELLINI by 028 312 4988 om jou sitplek te bespreek. Alle ander navrae kan gerig word aan OAK se sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238.**

## OPGRADERING VAN GANSBAAI SE ELEKTRIESE NETWERK VORDER FLUKS

### Kleinbaai, Gansbaai, Blompark, Franskraal, Birkenhead en Stanford nou aan die beurt

'n Hele paar jaar gelede is 'n meesterplan ontwikkel om uitgediende elektriese apparaat in die Gansbaai-area te vervang en om vir verwagte groei in hierdie gebied voorsiening te maak. Gevolglik word daar reeds sedert 2007/8 by 'n multi-jaar-implementeringsprogram gehou om verskeie elektriese netwerke (11kV-medium- en -laespanning) te vervang, te versterk en/of op te gradeer.

Munisipaliteit Overstrand rapporteer graag dat werk aan die opgradering van elektriese netwerke in die volgende geaffekteerde areas sedert die aanvang van die 2014/15-boekjaar volgens plan verloop en dat die afhandelingsdatum, naamlik Augustus 2015, in hierdie stadium uiters haalbaar blyk te wees:

| Area | Projek-besonderhede | Projekwaarde (R '000) | Vordering soos op 1 April 2015 |
|---|---|---|---|
| Kleinbaai | Vervanging van mediumstroombrekers by hoofskakelstasie, fase 2 | 1,940 | 4% |
| Gansbaai | Vervanging van minisubstasie in Buitekantstraat | 604 | 83% |
| Franskraal | Vervanging van minisubstasie in Juliastraat | 636 | 83% |
| Blompark | Opgradering van laespanning-netwerk, ingeslote straatbeligting, in: *Madeliefie-, Dahlia-, Skool-, Aster- en Roosstraat; *Kampeerstraat (vanaf Madeliefie- tot Roosstraat); en *Ridderspoorstraat (vanaf Madeliefie- tot Roosstraat) | 2,335 | 64% |
| Birkenhead | Opgradering en vervanging van oorhoofse lyne in die rigting van Danger Point se vuurtoring, Smutsstraat en die omliggende kleinhoewes | 2,858 | 49% |
| Stanford | Opgradering van mediumstroomkabels in Moorestraat (vanaf De Bruyn- tot Queen Victoria-straat) en Langmarkstraat (vanaf King- tot Heinrichstraat) | 1,213 | 68% |

Munisipaliteit Overstrand, in samewerking met Adenco Construction (die suksesvolle tenderaar), beloof om beplande onderbrekings tot die minimum te beperk. Nogtans doen ons 'n beroep op alle geaffekteerde inwoners om 'n bietjie geduld te beoefen onderwyl die opgradering onderneem word. Ons wil hulle ook die versekering gee dat alle uitgrawings weer herstel sal word sodra die nodige werk afgehandel is.

In 'n poging om alle wonings en sake-ondernemings in ons gebied van 'n veilige en betroubare netwerk te verseker, is daar in die 2014/15-begroting ook voorsiening gemaak vir elektriese projekte in Hermanus en die Hangklip-Kleinmond-gebied. Alle projekte verloop volgens plan, en die Raad beloof om diegene wat hierdeur geraak word deurentyd op hoogte te hou.